

'n Probleem in Bybelvertalings

1.5 Spasiëring

11 Bladsye

In 'n neutedop...

Die gebruik om die Name van Christus en ook die voornaamwoorde wat op Hom betrekking het, met hoofletters te skryf, het reeds in Afrikaans inslag gevind. Dit is en bly 'n eervolle gebruik wat gehandhaaf behoort te word.

Wat is dan die probleem? Sedert 2006 word daar gewerk aan die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling wat in 2016 of later gaan verskyn. Dit staan bekend as *Die Bybel: 'n direkte vertaling*.

Die vertalers hiervan wil egter weer (soos dit in die 1983-Bybel gebeur het) Christus se Name en die betrokke voornaamwoorde, met kleinletters skryf in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament. **Dit beteken dat Sy Name, byvoorbeeld *God, Here, Seun (van God), Koning, Priester, Profeet en Messias*, met kleinletters geskryf word – byvoorbeeld *seun, koning en profeet*.** Die rede hiervoor is dat die Bybelvertalers 'n verkeerde denkwysie aangeleer het.

Die vraag wat verder na vore kom, is tot watter mate die Heilige Gees ook wegvertaal gaan word uit die Ou Testament.

In hierdie skrywe word dit gestel dat die denkwysie wat die gebruik van kleinletters tot gevolg het, tot 'n groot mate uit die Rooms-Katolieke Kerk afkomstig is.

Elkeen van ons behoort daarvoor te stry dat Christus se Name en die voornaamwoorde wat op Hom betrekking het, deurgaans met hoofletters geskryf sal word in die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling.

Die feit waarvoor ons nou te staan kom, is dat vir die nuwe (2016) Bybel twee uitgawes beplan word, naamlik 'n kleinletter- en 'n hoofletter-uitgawe.

1. Sommige kerke wil die hoofletter-uitgawe hê

Ses Afrikaanse kerke het reeds aangedui dat hulle die hoofletter-uitgawe van die nuwe (2016) Bybel sal verkies. Dit is die Afrikaanse Protestantse Kerk, die Evangelies Gereformeerde Kerk, die Afrikaanse Baptiste Kerk, die Apostoliese Geloof Sending, die Volle Evangelie Kerk en die Pinkster Protestantse Kerk.

Daar is 25 Afrikaanse kerke wat meewerk aan die nuwe vertaling. Dit is ons plig om daarvoor te bid en te werk dat soveel as moontlik hiervan, of liever almal, sal besluit om die hoofletter-uitgawe te gebruik.

Die Bybelgenootskap het versoek dat die kerke wat hoofletters verkies, 'n gesamentlike kommissie moet vorm. Hierdie kommissie moet 'n lys woorde en teksverse uit die Ou Testament opstel waar hoofletters gebruik moet word, in die hoofletter-uitgawe van die nuwe (2016) Bybel.

2. Waar kom die probleem van kleinletters vandaan?

Die gebruik van kleinletters word in ons Afrikaanse Bybelvertalings ingevoer hoofsaaklik weens die invloed van die Rooms-Katolieke Kerk. Hierdie kerk het deur baie eeue heen 'n verbod op die vertaling van die Bybel in volkstale geplaas. Hulle het volstaan met Latyn as die taal wat in die kerk gebruik is. Selfs Bybelverspreiding aan die mensemassas is óf nagelaat, óf verbied.

Vanaf 1962 tot 1965 is die bekende *Vatican II* konsilie gehou, waartydens leiers van die Roomse kerk vanoor die wêreld vergader het. Tydens hierdie konsilie het hulle besluit om hul ban op Bybelvertaling en Bybelverspreiding te herroep. Hierdie besluit is verwelkom deur die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (die WBG; ook genoem die United Bible Societies, of UBS).

Die lede van die Rooms-Katolieke Kerk is meer as dubbel die getal Protestantse wêreldwyd (vergelyk: *Operation World*, 2010-uitgawe, bladsy 3). Dit is logies dat hulle voortaan nog meer invloed op teologiese denkrigtings en dus ook op vertalings van die Bybel sou hê.

Wat is dan die probleem? Deur die eeue is die teologie van die Roomse kerk deur heidense idees beïnvloed. Die probleem is vererger deurdat die Bybel nie in volkstale beskikbaar was nie en die gewone mense (die leke) dus nie in staat was om die Bybel self te lees en verkeerde

leringe van die kerk aan te spreek nie. Selfs in ons tyd is die heidense idees op die voorgrond deurdat die Roomse kerk steeds tot 'n groot mate leer dat die verhale in die Ou Testament (selfs oor die skepping) die produk is van mites (godeverhale), sages (verhale oor helde), legendes en fabels. Hulle beweer dat hierdie Bybelverhale deur die destydse (primitiewe) mense vertel is en toe neergeskryf is. Volgens baie Katolieke is die Ou Testament dus tot 'n groot mate die produk van ou volksverhale.

Hoe weet ons dat hierdie denkwysie wel 'n invloed op Afrikaanse Bybelvertalings het? In die afgelope dekades is aan baie van die teologiese fakulteite en Bybelkunde-departemente in Suid-Afrika, geleer dat die Ou Testament grootliks saamgestel is uit volksverhale wat in die vorm van mites, fabels, legendes en sages vertel is. Dit is hierdie invloed wat tot gevolg het dat Christus se Name met kleinletters geskryf word in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament.

Die verdere verloop van die saak is dat 'n aantal van die dosente wat dit geleer het, asook 'n aantal studente aan wie dit geleer is, nou as Bybelvertalers optree.

Dit kan die lesers help om insig te bekom, as ek die volgende noem: Nadat ek eenkeer 'n konferensie oor hierdie onderwerp toegesprek het, het 'n man na my toe gekom en vertel dat hy die eerste 20 jaar van sy lewe in die Katolieke Kerk was. Hy het die volle kategetiese-proses daar deurloop. Hy het toe beaam dat alles wat ek gesê het, waar is, want dit is deurgaans in die Roomse kerk so aan hulle geleer.

Nota: Dat hierdie denkwysie ook grootliks aanvaar is deur die vertalers van die nuwe (2016) Afrikaanse Bybel, blyk daaruit dat in die eerste proefuitgawe van hierdie vertaling, die Inleiding tot die boek Genesis onder andere die volgende stellings bevat:

Die naam Genesis beteken “oorsprong” of “begin”. Die boek begin daarom ook met 'n gedeelte (1-11) bestaande uit verskillende vertellings wat die oorsprong van die mensdom probeer beskryf uit die oogpunt van die godsdienstige oortuigings van die mense van die Bybelse tyd.

Genesis is saamgestel uit verhale wat uit verskillende tye en omgewings kom.

3. Hoe redeneer baie Rooms Katolieke teoloë (en baie van ons eie teoloë) nou verder?

Hulle sê dat die Ou Testamentiese mense nog nie vir Christus geken het nie. Daarom het die skrywers van die Boeke van die Ou Testament ook nog nie vir Christus geken nie, en was hulle ook nie in staat om van Hom te praat of oor Hom te skryf nie. Hieruit volg dat daar niks oor Christus in die Ou Testament geskryf kan wees nie. Die implikasie hiervan is dat, volgens die Ou Testament, dit nie 'n Goddelike Persoon (Iemand wat self God is) sou wees wat vir ons sondes sou sterf nie, omdat die Ou Testamentiese mense nog nie van Hom geweet het nie.

In November 2012 het ek 'n gesprek gehad met die akademiese dekaan van die St John Vianney Seminary, van die Rooms Katolieke Kerk, in Waterkloof, Pretoria.

Hy het my verseker dat hy sterk bly staan by wat hy by 'n seminarie in Rome geleer het ten opsigte van die Messiaanse profesieë in die Ou Testament. Dit is daar aan hulle geleer dat die konteks van die Ou Testamentiese mense in aanmerking geneem moet word. Ons moet telkens vra: “Vir wie het die profeet wat saam met die volk van Juda/Israel in ballingskap was en deuterio-Jesaja (hoofstukke 40-66) neergeskryf het, in gedagte gehad toe hy die vier *Kneg van die HERE* – profesieë in Jesaja neergeskryf het?” Hy het waarskynlik die volk Israel of 'n bekende koning van Juda/Israel, of Moses, of Kores in gedagte gehad. Daarvolgens moet die vertaling gedoen word. Die uitgangspunt is dat die volk in ballingskap asook hierdie profeet (en al die ander profete) nog nie vir Christus geken het nie en dus nie Hom in gedagte kon hê toe hulle die profesieë neergeskryf het nie. Dit is dus (volgens hom) aanvaarbaar dat kleinletters in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament gebruik word.

(*My kommentaar:* Hieruit blyk dat die Skrif beskou word as 'n produk wat uit mense na vore gekom het, en nie wat God geopenbaar het nie. Verder word Christus se funksionering in die Ou Testament, byvoorbeeld hoe Hy talle kere in visioene aan mense verskyn het, nie in aanmerking geneem nie.)

Ongelukkig is dit presies hoe baie van ons Afrikaanse teoloë redeneer en dit in Suid-Afrika aan studente leer. Hierdie denkwyses het dus oorgespoel vanuit die Rooms Katolieke Kerk na die Protestantse teologie.

Hou in gedagte dat in lande soos die Verenigde Koninkryk, Switserland en Nederland die getal Katolieke tans telkens die getal Protestante oortref (vergeelyk die boek: *Operation World*). Deur die Katolieke se vashou aan die Vulgaat (die Latynse Bybelvertaling) het hulle bewus of onbewus hulle siening en verstaan van die Bybel bly wêreldkundig maak, wat 'n invloed gehad

het op die Protestantse Skrifuitleg en verstaan van die Bybel, byvoorbeeld rondom die verstaan van Christus se Name in die Ou Testament. Hierdie invloed het na Suid-Afrika oorgespoel.

4. Wat leer die Bybel wel?

Die Rooms Katolieke denkwysse word deur die volgende feite weerlê:

Die skrywers van die Ou Testamentiese boeke het wel vir Christus baie goed geken! Ons weet dit byvoorbeeld daaruit dat Hy (as die Engel van God, of Boodskapper/Woord van God – Eks 14:19, 24 en Joh 1:1-3) veertig jaar lank aaneen, in die wolk- en vuurkolom, aan die Israëliete verskyn het en hulle deur die woestyn gelei het. Hy het ook aan individue verskyn. Die Israëliete was dus uiters goed met Hom bekend! Verder het Christus, as die Spreker van God, in 'n visioen aan elke profeet verskyn, elke keer wat Hy 'n profesie aan 'n profeet gegee het (Num 12:6-8). Hy het die profesieë met geweldige krag gegee, ja, met dieselfde krag wat Hy, deur 'n bevel te gee, die skepping in een oomblik daargestel het (Gen 1:1; Ps 33:6, 9 Ou Vertaling; Joh 1:3). Hy het selfs soos 'n leeu gebrul wanneer Hy met die profete gepraat het (Amos 3:8). Die *Gees van Christus* was in die profete (1 Pet 1:11).

Die profeet Jesaja, byvoorbeeld, het oor 'n tydperk van 40 jaar geprofeteer (740-701 vC). Hoeveel kere het hy oorweldigende ervarings gehad wanneer Christus, die Spreker van God, aan hom verskyn het! Hy het vir Christus baie goed geken. Jesaja was werklik in staat om oor Hom te skrywe, ook omdat hy Hom persoonlik geken het! Hieruit blyk wat die historiese konteks was waarin die Ou Testamentiese mense geleef het.

Hierdie historiese konteks behels verder dat die Ou Testamentiese mense almal sondaars was wat slegs deur geloof in die Messias (Christus, Gesalfde) gered kon word. Hulle moes dus in die Messias se Name en Sy funksie as Verlosser geglo het, ten einde gered te kon word. Daarom was dit ook in die Ou Testamentiese tyd belangrik dat mense die Messias se Name moes ken.

Die historiese konteks waarin die Ou Testamentiese mense geleef het, word verder duidelik as ons beseft dat Christus die skepping daargestel het (Joh 1:3) en dit reeds in die Ou Testamentiese tyd onderhou en versorg het, net soos vandag (Heb 1:3). Die Ou Testamentiese mense het dus prakties elke dag midde-in die werklikheid geleef van Christus se versorging van hulleself asook van die hele skepping.

Nota: Mense wat kleinletters voorstaan, gebruik dikwels hierdie argument: In die Hebreeuse teks kom daar nêrens hoofletters voor nie.

In antwoord hierop moet ons sê: Die Hebreeuse teks gebruik ook nêrens kleinletters nie! Die rede hiervoor is dat die Hebreeuse teks 'n heeltemal ander skrifvorm gebruik, waarin daar geen hoof- of kleinletters voorkom nie.

5. Voorbeelde uit die Vulgaat

Die Vulgaat is die Latynse vertaling van die Bybel wat tydens die Konsile van Trente, in 1546 deur die Rooms Katolieke Kerk as hul amptelike vertaling aanvaar is.

In die Vulgaat word verwysings na Christus meestal met kleinletters geskryf.

Vergelyk die volgende tabel:

<u>Teksgedeelte</u>	<u>1953 Vertaling</u>	<u>Vulgaat</u>
Gen 22:11; Eks 3:2	Engel van die HERE	angelus Domini
Gen 32:24	Man	vir
Dan 7:13	Seun van 'n mens	filius hominis
Amos 9:12	my Naam	nomen meum
Miga 5:1	Heerser	dominator
Sag 9:9	Koning	rex
Mal 3:1	Engel van die verbond	angelus testamenti

Nota: Kyk ook na die Name en voornaamwoorde wat ontleed word in die dokument, getitel: *Engelse en Latynse Bybels ontleed – BYLAAG*, wat ook op hierdie webwerf verskyn.

6. Sinkretisme

Dit is wyd bekend dat in die Roomse kerk daar wêreldwyd op talle plekke sinkretisme voorkom. “Sinkretisme” beteken die vermenging van die Christelike godsdiens met heidense godsdienste. 'n Gevolg hiervan is dat Christus nie meer as die enigste Redder beskou word nie.

7. Voorbeelde waaruit die invloed van die Rooms Katolieke teologie blyk

Ons kan aanvaar dat die Katolieke Kerk deur die eeue heen 'n invloed op Bybelvertalings gehad het. Sedert 1965 het hierdie invloed homself net meer laat geld.

Kyk hoe 'n aantal van die Messiaanse profesieë in die volgende Bybelvertalings vertaal is. (Die eerste drie in die lys verskyn in die *Laymans Parallel Bible*, 1973 uitgawe deur Zondervan Bible Publishers):

	Psalm 2:2	Psalm 110:1	Isaiah 53:11	Daniel 7:13
KJV	anointed	my Lord	my righteous servant	one like the Son of man
Living Bible	Messiah, Christ the King	my Lord the Messiah	my righteous Servant	a Man
RSV	anointed	my lord	the righteous one, my servant	one like a son of man
NIV	Anointed One	my Lord	my righteous servant	one like a son of man
NKJV	Anointed	my Lord	My righteous Servant	One like the Son of Man

Uit hierdie tabel blyk die volgende:

Ten opsigte van die Naam **Messias** (Gesalfde) in Psalm 2:2: Die King James Version (KJV) en Revised Standard Version (RSV) volg nie die interpretasie en lering van die Nuwe Testament nie (Hand 4:25, 26). Hierdie twee Bybelvertalings verloën die waarheid dat Christus die Messias is volgens Psalm 2:2.

Ten opsigte van die Naam **Here** in Psalm 110:1: Die RSV volg nie die vertolking na wat Christus in die Nuwe Testament daaraan heg nie (Luk 20:41-44; Hand 2:34, 35; Heb 8:1). Volgens hierdie Bybelvertaling was dit nie 'n Persoon wat self God is, wat aan die regterhand van God die Vader gesit het reeds in die Ou Testamentiese tyd nie.

Ten opsigte van die Naam **my Kneg, die Regverdige**, in Jesaja 53:11: Die KJV, RSV en NIV volg nie die interpretasie wat die Nuwe Testament daaraan heg nie. In baie Bybelvertalings in ander tale word beide die woorde *Regverdige* en *Kneg/Dienaar* met hoofletters geskryf. (Vir die woord *Regverdige*, vergelyk Hand 3:14; 7:52; 22:14; 1 Pet 3:18; 1 Joh 2:1.) Om kleinletters vir die woorde *Regverdige* en *Kneg/Dienaar* te gebruik, beteken dat, volgens sulke Bybelvertalings, dit nie 'n Goddelike Persoon (dus een van die Persone in die Drie-eenheid) is

wat vir ons sondes sou sterf nie. Hierdie Goddelike Persoon (wat self God is, en wel Christus die Messias is) sou sterf, selfs vir die sondes van die Ou Testamentiese mense. (Let daarop dat die woord ons tien keer in Jes 53:4-6 voorkom.)

Notas: Die feit dat hierdie Kneeg/Dienaar self God is, blyk uit die feit dat Hy *geen sonde gehad het nie* (Jes 53:9), dat Hy *volkome regverdig is* (Jes 53:11) en dat Hy in staat is *om ander regverdig te maak*, dus om hulle van die hel te red en aan hulle die hemel te gee (Jes 53:11).

Die woord *Kneeg* (of Dienaar) in Jesaja 53:11 verwys na Christus (vergelyk Jes 42:1 met Matt 12:18).

Ten opsigte van die Naam **Seun van 'n mens** in Daniel 7:13: Die RSV en NIV volg nie die interpretasie van die Nuwe Testament nie (Luk 21:27; Joh 5:25-27). Dit beteken dat, volgens hierdie twee vertalings, dit nie 'n Goddelike Persoon is wat op die wolke van die hemel sal kom op die Oordeelsdag om die finale oordeel uit te voer nie.

Nota: In die dokument, getitel: *Engelse en Latynse Bybels ontleed*, en sy **BYLAAG**, word 38 Engelse Bybelvertalings ontleed. Dit verskyn ook op die webblad: www.2016vertaling.co.za.

8. Hoe beïnvloed dit die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling, wat in 2016 of later gaan verskyn?

Die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling gebruik kleinletters in al die teksverse wat in die tabel (onder punt 7) verskyn. Die 2016-Bybelvertaling neig om nog verder te gaan, want in die eerste uitgawe van die proefvertaling hiervan (wat in 2008 verskyn het) word die Heilige Gees wegvertaal. Genesis 1:2 lees daarin soos volg: *En die gees van God was aan die sweef oor die water*. (Let daarop dat die woord *gees* met 'n kleinletter geskryf is.)

Dit blyk dat in die 1983 en 2016 Afrikaanse Bybelvertalings, Christus uit die Ou Testament wegvertaal word. Dit beteken dat veral die Rooms-Katolieke teologie ongelukkig veroorsaak het dat hierin Christus se Name (byvoorbeeld *God, Here, Seun, Koning, Priester, Profeet* en *Messias*) met kleinletters geskryf word in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament. Dit word verder geïllustreer deur die feit dat onder andere ook Jesaja 53, die bekende hoofstuk waarin van Christus se kruisdood geprofeteer word, met kleinletters vertaal word. Hierdeur word Christus uit die Ou Testament wegvertaal.

Samevattend: Hierdie gebruik van kleinletters kom vandag nog voor in baie Engelse Bybelvertalings. Dit toon aan wat die geweldige invloed is wat deur die eeue vanuit die Katolieke Kerk met sy Latynse Bybelvertalings uitgegaan het, en vandag nog uitgaan, en ons Afrikaanse Bybelvertalings beïnvloed.

9. Wat ons standpunt behoort te wees

9.1 Teenoor die bogenoemde Engelse Bybelvertalings, is die volgende vertalings meer betroubaar: New American Standard Bible (NASB), Amplified Bible (Amp), New King James Version (NKJV), Green's Literal Translation (GLT), New Life Version (NLV), 21st Century KJV (21KJV), Holman Christian Standard Bible (CSB) en The Scriptures (dit is 'n Bybelvertaling van die Messiaanse Jode, ISBN 0-620-22490-8). Hierdie vertalings gebruik soms meer hoofletters as selfs die 1953 Afrikaanse Bybel.

Om meer hoofletters te gebruik, is die rigting wat elke nuwe Bybelvertaling behoort na te volg.

9.2 Ook met die oog op evangelisering van mense wat aanhangers van ander godsdienste is, is dit belangrik dat Christus se Name orals met hoofletters geskryf moet wees. Hoe kan 'n mens die Evangelie aan hulle vertel as jou eie boodskap leeg is omdat Christus daaruit weggeneem is?

9.3 Die Christendom is tans besig om vinnig oor 'n aantal lande te versprei. Maar: Watter gehalte Christendom word deur kleinletter-Bybelvertalings geskep? Kom ons doen wat ons kan om die misleiding stop te sit.

9.4 Die gebruik van kleinletters dui op die navolging van die *New Age* beweging, wat die gelykstelling van alle godsdienste nastreef. Volgens hierdie denkwysing kan enige persoon die verlosser van sonde wees.

9.5 Die gebruik om Christus se Name met kleinletters te skryf, kan daarop dui dat die Bybelvertalers se eerbied en vrees vir God verdwyn.

9.6 Deur terug te keer na suiwer Bybelse waarhede, kan ons 'n voorbeeld stel vir talle ander Bybelvertalingsprojekte om dieselfde te doen.

9.7 Om Christus te verwerp, is die kern van sonde (Joh 16:7). In die lig hiervan weet ons dat om kleinletters in byvoorbeeld Jesaja 53 te gebruik, 'n verskriklike sonde is. Daar sal beslis 'n skrikwekkende oordeel kom oor 'n ingesteldheid wat Christus uit die Bybel wil wegvertaal.

9.8 *Ons taak en doel moet wees:* Om aan Christus die eer en heerlikheid te gee in beide die Ou en Nuwe Testament. Dit moet gedoen word deur alle verwysings na Hom, met hoofletters aan te dui.

9.9 Ten opsigte van die Inleiding wat voor elke Bybelboek gaan verskyn, is dit belangrik dat daarin nie dwaalleerlinge sal voorkom nie. Liewer kan byvoorbeeld in die Inleiding van Genesis genoem word dat die hele Bybel deur die Gees van God geïnspireer is en dat God dus ook Genesis 1 tot 11 geopenbaar het.

Die volgende waarheid geld vir alle tye, dus ook vir die Ou Testamentiese tyd:

Hy wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie (1 Joh 2:23).

Dit beteken dat ook die Ou Testamentiese mense slegs deur geloof in Christus gered kon word. Hulle moes dus met Hom bekend gewees het, om in Hom te kon glo. Hulle het Hom leer ken uit Sy verskynings in die Ou Testamentiese tyd, asook uit die Ou Testament self.

10. Publikasies

10.1 Die boek, getitel: *Wil ons 'n Ou Testament sonder Christus hê?* (opgestel deur prof PW Hoek en myself) is 'n voorlegging wat in 2008 aan die Bybelgenootskap en die Bybelvertalers gestuur is. Dit bied 'n breër oorsig van hierdie onderwerp. Hierdie voorlegging verskyn in Afrikaans en Engels op die webblad: www.2016vertaling.co.za

10.2 Om 'n positiewe oorsig te kry van hoe Christus in elke Boek van die Ou Testament funksioneer, lees gerus die boek, getitel: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament*, wat op die webblad www.thetruerevelation.co.za verskyn (moenie Google nie).

10.3 Beide bogenoemde publikasies is ook in boekvorm beskikbaar:

Wil ons 'n Ou Testament sonder Christus hê? (75 bladsye) @ R20.00

Die Wonder van Jesus in die Ou Testament (270 bladsye) @ R80.00

Plus posgeld.

Dit kan bestel word by Danie Haasbroek (sien die kontakgegevens hieronder).

✘ Vir 'n bibliografie in verband met hierdie dokument kan u die bibliografie raadpleeg wat verskyn agter in die boek: *Wil ons 'n Ou Testament sonder Christus hê?*

Ds Danie Haasbroek

5 September 2013

Tel/Faks: 012 - 345 2753

Sel: 076 689 3079

E-pos: daniehaasbroek@gmail.com

- ✘ **Hierdie dokument, getitel: 'n Probleem in Bybelvertalings, is een van die dokumente wat in Afrikaans en Engels op die webblad www.2016vertaling.co.za verskyn.**
- ✘ **My boeke verskyn op die webblad www.thetruevelation.co.za (nie Google).**

Al die dokumente wat op hierdie webwerf verskyn, was vooraf voorgelê aan die Bybelgenootskap, die leiers van die Afrikaanse Bybelvertalings-projek, en *Kerkbode* se redaksie.